

Hoërskool Heilbron atlete op pad na SA's

Hoërskool Heilbron se sekondêre atlete is gekies vir die Vrystaatspan wat op 23 tot 25 Maart in Port Elizabeth aan die Suid-Afrikaans Atletiekkampioenskappe gaan deelneem. Sarel Mouton - paalspring, Elana Dippenaar - 5000 stap o/17 en Leandri Bennink paalspring o/15, het elk goue medaljes op die Vrystaat byeenkoms behaal

waar De Jager Jooste - paalspring, brons ontvang het. Daar is vier primêre atlete ook gekies wat aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe gaan deelneem te Germiston. Hulle is Anel Volschenk - spiesgooi, Aldi Strydom - gewigstoot, Tiaan Brits - gewigstoot en spiesgooi en Bees Brits - diskus.



Op die foto is Sarel Mouton, De Jager Jooste, Elana Dippenaar en Leandri Bennink.



Aldi Strydom.



Tiaan Brits



Bees Brits.



Anel Volschenk

Kleuters verken die dorp



Die kleuters van Kleuterkasteel word van vroeg af somer baie slim geleer. Hulle het gister 'n uitstapje geniet na die Poskantoor in Heilbron. Daarna is hulle bederf met lekker melkskommels by San-Jo's. Dis lekker om 'n kleuter te wees!

PUBLIC NOTICE



PUBLIC CONSULTATIVE MEETINGS ON DRAFT ANNUAL REPORT 2017/18

IN TERMS OF SECTION 127 (5) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003 AND SECTION 21 A OF THE MUNICIPAL SYSTEMS ACT, ACT 32 OF 2000 REQUIRE MUNICIPALITIES TO PUBLISH THEIR ANNUAL REPORT AND INVITE THE PUBLIC TO MAKE REPRESENTATIONS ON THE REPORT AFTER IT HAS BEEN TABLED IN COUNCIL MEETING..

THE PUBLIC MEETINGS WILL BE HELD AS SCHEDULED BELOW:

DATE	TOWN	MEETING	VENUE	TIME
05/03/2019 TUESDAY	VREDEPORT	STAKEHOLDER MEETING	TOWN HALL	17H00
06/03/2019 WEDNESDAY	KOPPIES	STAKEHOLDER MEETING	KWAKWATSI HALL	17H00
07/03/2019 THURSDAY	PARYS	STAKEHOLDER MEETING	PHEHELLANG HALL	10H00
			PARYS TOWN HALL	17H00
12/03/2019 TUESDAY	EDENVILLE	STAKEHOLDER MEETING	NG KERK	17H00
13/03/2019 WEDNESDAY	HEILBRON	STAKEHOLDER MEETING	PHIRITONA LIBRARY	17H00

COPIES OF THE DRAFT ANNUAL REPORT 2017/2018 ARE AVAILABLE AT THE MUNICIPAL OFFICES, NGWATHE LM WEBSITE, www.ngwathe.gov.za, SATELLITE OFFICES AND LIBRARIES.

For more information, please contact Ms P Ndhlovu on: 056 816 2700

For enquiry, please contact: **IDP/PMS OFFICE**

Tel: 056 816 2700
 Email: jordaanr@ngwathe.co.za
puseletsom@ngwathe.co.za

**BW KANNEMEYER
 MUNICIPAL MANAGER**



Bieliemieliefees



Die Bulletjie-rugbyspan van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het onlangs tydens die VKB Bieliemieliefees op Reitz hulle wedstryde teen Reitz, Heilbron en Truida Kestell gewen. Hulle is agter vl: Tsegofatso Tshabalala, Danie Janse van Rensburg, Naude van Jaarsveldt. Middell: Lukas Meyer, Mandla Malindi, AJ Fleming en Myburgh Eybers. Voor: Riley Strydom.